LAAT DAAR LIG WEES
SEDERT 1920

AFRIKAANS
AMPTELIK 100

# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL | UITGAWE 1 | 2025




# ‘N 105 JAAR KLEURRYK GEVIER

MEER NUUS OOR DIE FEES-VIERINGE
bl.3





Andru van Zyl

# REDAKSIONEEL

## Als goed so ver

Elke matriekgroep skop hul jaar af met hul éie drome en wense. Meestal drome en wense wat nie noodwendig vir die buitewêreld sin maak nie. Maar daar is natuurlik daai één droom wat elke groep gemeen het – dat húlle matriekgroep die beste sal wees wat Affies nóg gesien het. Daardie wil en dryfkrag is heel waarskynlik 'n groot faktor in ons skool se sukses. 2025 is ook nie 'n uitsondering nie en die jaar het op baie tereine uitstekend begin.

In dié uitgawe sal jy kan lees van 'n suksesvolle krieket- en waterpolo-seisoen, akademiese uitblinkers en van al die dinge wat die skool aan die gang hou.

Deur die geskiedenis moes elke generasie ander probleme in die gesig staar as dit by die uitgee van die *Stroom-op* kom. Soms was dit verskille met die meisies oorkant die pad, ander kere bloot net kontroversie oor hoe die koerant moet lyk. Ons sit tans met een van die grootste uitdagings, want die afskaling van gedrukte media in die wêreld daarbuite is 'n feit soos 'n koei. Daar is byvoorbeeld nie meer 'n enkele Afrikaanse koerant wat in Pretoria gedruk en verkoop word nie.

Ons is egter nog nie bereid om die tradisionele manier waarop ons die *Stroom-op* uitgee, op te offer nie. Waardeer dus elke woord, foto en glimlag wat jy in dié koerant sien. En voel en ruik die bladsye. Dít is die *Stroom-op*.

**REDAKSIE**
Andru van Zyl (redakteur), Adriaan Nel, Dylan Koegelenberg, Stef Pretorius (adjunkredakteurs), George Henderson, Zachary Boonzaaier, Heinrich Jordaan, Christiaan Brits, Alexander Coetzer Kristensen, Bjorn Pendlebury, James Roets, Callie Visagie, Reuben Dreyer

Alexander Coetzer Kristensen

# REDAKSIE LEER MEER BY BEKENDE *SPORTJOERNALIS*



Die *Stroom-op*-redaksie het die bekende eNuus-sportaanbieder, mnr. Percivale Young (links), op 29 Januarie by die skool ontvang en hy het heelwat van sy ervaring as joernalis met die redaksie gedeel.

Twee belangrike sake waaraan daar in die opleidingsessie geraak is, was die onlangse afskaffing van gedrukte Afrikaanse koerante en watter impak dit moontlik op joernalistiek sal hê. Die effektiwiteit en gebruik van sosiale media en webblaaie as nuusbron is ook bevraagteken en bespreek.

Die opleidingsessie het ons redaksielede beslis nuwe insig gegee en almal gemotiveer vir nóg 'n opwindende *Stroom-op*-jaar!



Voor is Reuben Dreyer, Callie Visagie, Alexander Coetzer Kristensen, me. Annatjie Ferreira (organiseerder), Christiaan Brits, Zachary Boonzaaier en mnr. Percivale Young. Agter staan George Henderson, Andru van Zyl en Heinrich Jordaan.

Alexander Coetzer Kristensen




# NUWE *AFFIE-MUSIEK-KONSERTREEKS* MET KLASSIEKE KITARE INGELUI



Mnr. Carl Straussner en dr. Thinus Boshoff (Affie-musiekonderwyser)

Dillon Davie, Ryan Kirsten (Affie-onderwyser), Jonathan Moolman en Nathalie Roué van die Gauteng Kitaarkwartet, was op 15 Maart die eerste kunstenaars wat hul buiging gemaak het by die nuwe klassieke musiekkonsertreeks wat die Affie Kunstekampus vanjaar aanbied.

Die groep is die enigste professionele kitaarkwartet in Suid-Afrika en het werke van onder meer Penella, Vivaldi, Faure, Brouwer en Dyens uitgevoer.

In die eerste helfte van die program is die gehoor vermaak deur die kitaarduo van Thinus Boshoff (Affie-musiekonderwyser) en Carl Straussner, sowel as deur Affies se kitaarorkes en -kwartet, wat aan die Affie-musiekmanne ook optreegeleentheid gegee het.

# Kaalvoete **verdubbel** skenking aan **CHOC**



Die kaalvoete op die foto behoort aan Christopher Chapman, Ryno de Leeuw, Waldo Lubbe, Reinard Schoeman en Roelf Botha (almal in graad 8).

Die eerste kaalvoetdag vir 2025 was op 20 Februarie en het besónder goed verloop. Die skool het die vorige maksimumbedrag verdubbel en kon 'n volle R35 000 aan die Childhood Cancer Foundation of South Africa (CHOC) skenk. Volgens die organiseerder, me. Salomé de Bruyn, is die kaalvoetdag as proeflopie gebruik om die gebruikersvriendelike Karri-toep, die skool se nuwe betaalmetode, uit te toets – beslis met groot welslae.

# Ondersteun die *Affie-brug!*







Die Affie-brug-projek, wat AHS en AHMP oor Lynnwoodweg sal verbind, is goed op dreef en daar is reeds heelwat fondse ingesamel. Om dinge nog verder aan te wakker, is die 1 000 Stene-kompetisie, wat tot 14 Mei sal duur, onlangs geloods. Gebruik gerus die QR-kode hieronder vir meer inligting en as jy 'n verskil wil maak.

# Afrikaanse Blokraai

Stef Pretorius




DWARS:

1. Afskeidsgroet
2. Medisinale plant
3. Wandelstok
4. Afrikaans-eremonument (wat by 5 voorkom)
5. Groot granietberg (waar 4 voorkom)

AF:

1. Volksliedjie
2. Afrikaanse Skrifvertaling
3. Oudste sendingstasie
4. 100 jaar-viering
5. Insek

*Antwoorde op bladsy 5*

Stef Pretorius

# HOERA! ONS IS NOU 105!





Die eindresultaat van goeie organisasie! Sowat 3 000 seuns en meisies het sitplek vir die geskiedkundige foto.

AHS en AHMP het die voorreg gehad om op 28 Januarie saam hul 105e verjaarsdag te vier!

Die seuns en dogters het, soos elke vyf jaar die gebruik is, vroeggoggend 'n gesamentlike foto voor AHS se skoolgebou geneem. Die Affie-manne is daarna na die pawiljoen waar AHS se vorige hoof en geskiedkundige, dr. Pierre Edwards (foto regs bo), die skool se beginjare en ontwikkeling aan die hulle voorgehou het. Die twee skole se magdom leerders is toe met busse na Burgerspark in die middestad vervoer, waar die balk uit die Jouberthuis aan die hoof oorhandig is. Die menigte seuns en dogters, sowel as die personeel, het in die hitte die terugtog deur die strate van Pretoria aangepak en is uiteindelik met heerlike eet- en drinkgoed by AHS bederf. *(Voorbladfoto: Andru van Zyl en mnr. Peregrine Joynt tydens die optog)*



Me. Joyce Viljoen en mnr. Braam van Tonder by die Affie-koperblasers wat vir die musiek tydens die pawiljoenbyeenkoms gesorg het.



'n Vrolike en bont optog!

VOORBLAD STORIE



Hierdie groep rus 'n bietjie op die gras in Burgerspark voordat hulle die staptog terug skool toe aanpak.

# ... en Afrikaans verjaar óók

Zachary Boonzaaier

AFRIKAANS AMPTELIK 100

Afrikaans het vanjaar 'n honderd jaar gelede 'n amptelike taal geword en *Stroom-op* wil dit vanjaar vier saam met almal wat vir die taal lief is. Die logo van Afrikaans100, sal daarom vir al drie uitgawes deel van ons mashoof uitmaak en ons hoop om in elke uitgawe iets interessant te plaas oor dié mooi en wonderlike taal wat ons elke dag praat en skryf en waarin ons ook droom.

Afrikaans is 'n taal vol tongknopers en vreemde nuutskeppings. 'n Taal waarmee ons dames kan vermaak en ons flikkers kan gooi (jou bes doen om 'n meisie se aandag te trek). 'n Taal waarin ons kan redeneer, debatteer én argumenteer – soos daardie tye wanneer jy besef dat jy op eiers moet loop (stadig en versigtig optree) wanneer jou moeder die aapstuipe kry (verskriklik kwaad is). 'n Taal wat ons almal saam moet bewaar en koester.

## Afrikaanse idiome

### "is nie pap en vleis nie"

### (Betekenis: Dis nie maklik nie)



As deel van die vieringe van Afrikaans100 het die Affie-manne vroeg in Maart 'n idioomvasvrae op die vierkant gehad. Die Afrikaans Departement het die groep gepeper met 'n klomp baie oulike idiome waarvan hulle die betekenis moes gee. Die sê-ding wat waarskynlik vir die groep die meeste moeilikheid gegee het, was: "'n Bobbejaan het daar 'n kierie nodig," wat beteken dat dit 'n slegte en onbegaanbare pad is.

Wihan Koster in graad 12 sê hy het 'n bietjie vasgehaak met die idioom "veertjie in die hoed" (wat beteken jy het daardeur vir jou naam gemaak), maar hy het die wa deur die drif getrek, stof in sy teenstanders se oë geskop en uiteindelik met die louere weggestap. Op die foto bo staan hy met die sjokolademelkie en die 1920- geskenkbewys wat hy losgeslaan het.

## TOETS JOUSELF: HOEVEEL VAN HIERDIE IDIOME KEN JÝ?

Voor jy dalk **hond se gedagtes** kry dat ek **muisneste** het en **kattekwaad** aanvang deur die **kat in die donker te knyp**, kan ek die **aap uit die mou laat** dat jy nie gaan **hond haaraf maak** nie. Die **kool** is eenvoudig **nie die sous werd nie,** jy wil verniet die **bobbejaan agter die bult** gaan haal, ek is nie 'n **vroetelvarkie** nie.

Omdat ek **twee linkervoete** en **rooi hakskene** het, dans ek soos 'n **kat op 'n warm plaat.** Terwyl ek **oor die onderdeur loer,** stem my **aand- en môre-praatjies** nie ooreen nie en **sing ek 'n ander deuntjie.** Ek **sing dan soos 'n kanarie.** Ek weet dat die **voëltjie wat saans die laaste fluit soggens eerste deur die kat gevang word.** Daarom gaan ek **saam met die hoenders slaap** en lank **voor hanekraai** klim ek met die **verkeerde voet uit die bed** om my **eiertjie te lê.** (Anoniem op sosiale media)



Heinrich Jordaan

# HARDE WERK BY DIE AKADEMIESE PRYSUITDELING BELOON


Van links is Iddo van Daalen, Ivan Pope, Ulrick Smit en Emil Els

Die jaarlikse akademiese prysuitdeling is vanjaar op 9 Februarie gehou en talle Affies het by dié glansryke aand erkenning gekry vir hul harde werk in 2024.

Afgesien van die 2024-matrieks wat in hul eindeksamen uitstekend gevaar het, is die toppresteerder in elke graad ook vereer en daar is 'n magdom vaktrofeë uitgedeel. Die Dux-leerders was Ulrick Smit in graad 8 (93,3%), Emil Els in graad 9 (92,9%), Ivan Pope in graad 10 (93,0%) en Iddo van Daalen in graad 11 (93,9%).

*Stroom-op* wou by dié vier weet wat die geheim van goeie akademiese prestasies is.

Ulrick Smit (nou in graad 9) sê hy leer deur herhaling, deur sy werk hard op te sê terwyl hy 'n bal teen die muur gooi. "Ek probeer ook om gereeld te oefen, want dan kry jou brein die suurstof wat nodig is." As hy nie akademies verkeer nie, neem Ulrick deel aan debat, tennis en hokkie en speel ook in die kitaarorkes.

Emil Els (graad 10) sê as jy in die klas oplet en jou huiswerk doen, is die meeste van jou werk eintlik gedoen. "As jy leer, moet jy slim leer deur op die belangrike dinge te fokus. Dan hoef jy nie baie lang ure te leer nie. Oefening help beslis ook om jou brein skerp te hou," sê hy. Emil neem by die skool deel aan atletiek, landloop, hokkie en debat.

Volgens Ivan Pope (graad 11) is sy wenresep goeie voorbereiding en harde werk. "Goeie tydsbestuur verseker dat jy lank genoeg voor 'n toets of opdrag kan voorberei. As jy goed voorbereid is, is jy boonop rustiger wanneer jy jou vraestel beantwoord en jy kan dit selfs geniet. As jy hard werk sonder om na jou horlosie te kyk, sal jy uiteindelik baie lekker na jou púnte kyk." Ivan speel hokkie, neem deel aan kleiduifskiet en is in die kitaarorkes.

Iddo van Daalen (graad 12) glo dit is baie belangrik om in die klas hard te konsentreer en só seker te maak dat jy die werk verstaan. "Ek hou my studiesessies kort en verwyder alle dinge wat my aandag aflei wanneer ek leer." Iddo is 'n hardloper en glo dat sport jou help om beter te konsentreer.

Heinrich Jordaan

# Matrieks van 2024 maak Affies trots

NEGE ONDERSKEIDINGS


Burger Hough


Josua Markram

AGT ONDERSKEIDINGS


Christian Swanepoel


Frikkie Janse van Rensburg


Lander Tollig


Ruan Vorster


Daniël Burger was een van die groot groep 2024-matrieks wat hul uitslae op 14 Januarie by die skool kom haal het. By hom is me. Martina de Vos.

Verlede jaar se matrieks het beslis nie op hulle louere gerus nie en het uitstekende uitslae in die matriekeksamen behaal. Al die graad 12's (246 leerders) het die Nasionale Senior Sertifikaateksamen geslaag – 96,3% van hulle mét universiteitstoelating. Die groep behaal saam 409 A-simbole, waarvan 80 A+-simbole (90% of hoër is.

Frikkie Janse van Rensburg was die toppresteerder. Hy het onderskeidings in al sy vakke behaal en spog met 'n gemiddeld van 91,8%.

Zachary Boonzaaier

# 'n Kuns op sy eie



Wiskunde – 'n skoolseun se grootste uitdaging. Die vreesaanjaendste van alle uitvindsels in die wêreldgeskiedenis. 'n Behoorlike kopkrapper. Dit is waarskynlik hoe die meerderheid van ons voel, maar vir George van der Westhuyzen (graad 10) is dit 'n kuns. Hy is verlede jaar as die beste junior in die Wiskunde Olimpiade vir kwintiel 5-skole in Gauteng aangewys.

George (foto bo) sê dat hy nog altyd 'n natuurlike aanvoeling gehad het vir Wiskunde en dat hy elke jaar aan die Olimpiade deelneem. Hy het verlede jaar sy mees suksesvolle jaar beleef. "Ek was baie trots om Affies te verteenwoordig in iets anders as sport en orkes", sê George in 'n onderhoud met *Stroom-op*. Wat is sy geheim? Hy fokus in die klas en lees dikwels oor Wiskunde of enige soortgelyke onderwerpe tydens leesperiode. So eenvoudig, maar só effektief.

Ten spyte van die feit dat hy nou eers gewoond raak aan die lewe as 'n Affie-senior, is George reeds besig om die graad 11-Wiskundesillabus deur te werk. Sy broer, Petrus van der Westhuyzen (graad 11) is ook 'n Wiskunde-boffin en spandeer sy Maandagmiddae saam met die matrieks in die graad 12-Alpha Wiskundeklas. Ons kan beslis 'n ding of twee by dié broers leer – soek net vir die twee Affies wat breed glimlag na 'n Wiskundevraestel.

*Bonusvraag:*
Wat is die eerste duisend syfers van π? Ek weet ook nie, vra net vir die Van der Westhuyzen broers!

Christiaan Brits

# Geskiedenismanne besoek slagvelde in KZN


Die groep geskiedenismanne by Bloedrivier

Mnr. Niel Coetzer en sestien graad 10-seuns het in Oktober verlede jaar 'n geskiedenistoer na KwaZulu-Natal onderneem Hulle het in die proses bykans 1 200 km afgelê en het slagvelde uit verskillende tydperke in Suid-Afrika se geskiedenis besoek.

Die groep het op die eerste dag 'n draai by 'n museum by Perdekop gemaak en het die aand op generaal Piet Joubert se familieplaas geslaap, waar die seuns 'n film oor die slag van Majuba gekyk het.

Die slagvelde van Majuba en Bloedrivier (waar hulle in die waens geslaap het) was die volgende dag aan die beurt en die seuns kon ook beleef hoe een van die ou kannonne skiet.

Die groep was daarna by Isandlwana en Rorke's Drift (slagvelde uit die Anglo-Zoeloe-oorlog).

Op pad terug na Pretoria het die Affies Spioenkop besoek, waar een van die bloedigste veldslae in die Suid- Afrikaanse geskiedenis afgespeel het.

Stef Pretorius

# TEGNOLOGIEKLUB SE SPEELGOED FASSINEER

'n Menigte Affie-tasse, sakke en -sleutels spog deesdae met oulike houtplaatjies met die eienaar se naam op.

Volgens mnr. Kenny Erasmus (organiseerder) het die tegnologieklub vroeg vanjaar begin om naamplaatjies vir leerders uit hout te sny in die hoop dat dit sal help om die getal verlore goedere en tasse wat verkeerdelik geneem word, te beperk. Die plaatjies word gratis aan die seuns verskaf en hulle kan soveel kry as wat hulle benodig. Die klub het tot op hede meer as 250 naamplaatjies gemaak.

Dié oulike produk is nie die enigste nuttige item wat by die tegnologieklub gemaak word nie. 3D-druk-items soos die 'infinity cube' is ook baie gewild. Hierdie interaktiewe speelding bestaan uit agt kleiner blokkies wat met skarniere verbind is. Dit kan eindeloos gevou en gedraai word sonder om uitmekaar te breek. Dit word dikwels as 'n "fidget"-speelding gebruik om stres te verlig en fokus te verbeter. Nog 'n gewilde produk is die "Spiral Passthrough Fidget Cone" – 'n interaktiewe "fidget"-speelding met 'n keëlvormige ontwerp en 'n spiraalpatroon wat 'n klein ring of skyf laat gly wanneer dit gedraai word. Dit skep 'n visueel en tasbaar bevredigende effek terwyl dit deur die spiraal beweeg. Ander items sluit in "rock, paper, scissors", dobbelstene, en verskeie beeldjies ("figurines") wat baie "beweeglik" is soos die seekat op die foto regs.

Al hierdie produkte kan by die klub bestel word.







Alexander Coetzer Kristensen

# PROVINSIALE ORKESTE WEMEL VAN DIE AFFIES




Elf Affie-musikante is gekies om vanjaar deel te wees van twee provinsiale orkeste. Luan Claassen en Rieghardt Strauss gaan verál besig wees – hulle is gekeur om in albei orkeste te speel.

Die sewe manne (foto bo links) wat hul buiging in Simfonia Juventi gaan maak is Ben Cilliers (dwarsfluit), Lodewikus Prinsloo (Franse horing), JP Cowley (viool), Jooste Steynberg (perkussie), Rieghardt Strauss (tjello), Luan Claassen (tuba) en Marnu van Zyl (kontrabas). Petrus van der Westhuyzen (viool) is nie op die foto nie.

Gideon Venter, Rieghardt Strauss (albei tjello) en Luan Claassen (tuba), is gekies om in die FAK Jeugsimfonieorkes te speel. Jordan Scholtz (tenoorsaksofoon) was afwesig toe die foto (regs bo) geneem is.

Heinrich Jordaan

# Redenaars presteer al pratende




Die Van Huyssteens Redenaarskompetisie het einde Maart plaasgevind en AHS se gladdebekke het hulle goed van hul taak gekwyt.

Die span van James Roets, Alexander Coetzer Kristensen, Werner Victor en Paul-Ralph Smit was die wenners van die graad 11-Afrikaans-afdeling terwyl Juandré Gerber, Cobus Verster, FC Bester en Herman Kluge bobaas was in die afdeling vir Engelse sprekers. In die individuele tweetalige afdeling vir graad agts word Hardus Ferreira as die wenner aangewys terwyl Pieter Wiese (foto bo) koning kraai in dieselfde afdeling vir graad 12's.

Andru van Zyl

# Engelse klas kry vars kykie op voorgeskrewe werk

Die matriekklas wat Engels Huistaal as vak het, het vroeg in Maart by die Universiteit van Johannesburg se Arts Centre na 'n opvoering van *The Picture of Dorian Gray* deur Oscar Wilde gaan kyk. Dié boek is een van die voorgeskrewe werke wat hulle vanjaar behandel en volgens die manne het die vertoning hulle 'n hele nuwe perspektief op die boek gegee.

"Die seuns is beslis gekonfronteer met simboliek en alternatiewe idees wat hulle sal help om die boek beter te verstaan", sê hul onderwyser, me. Salomé du Bruyn.




James Roets

# Debat al vroeg aan die werk!



Die Affie-debatteerders by Conclave Lodge

Een van die beste debatskole in Suid-Afrika het 2025 afgeskop met die jaarlikse kamp by Conclave Lodge net buite Pretoria, waar almal kans gekry het om te ontspan, maar waar daar verál meer geleer is oor debat!

Mnr. Hanno Wassermann was die eerste spreker aan die woord met 'n inligtingsessie oor die onderwerpe waaroor die juniors en die seniors in vanjaar se kompetisies moet debatteer. Afrigters dr. Gustav von Bratt, mnr. Dirk Taljard en mnr. André du Toit het daarna ook húlle waardevolle insette gelewer met insiggewende praatjies oor wat debat werklik behels.

Oor die volgende twee dae het die manne mekaar in oefendebatte die stryd aangesê en in die proses baie geleer. Uiteindelik het almal baie pret gehad, maar die seuns kon reeds sien dat deelname aan debat gaan sorg vir die aanleer van deurslaggewende lewensvaardighede.

## KORTLIKS

- Die eerste rondte van die ATKV-debatskompetisie is op 21 en 22 Maart by AHS aangebied. Drie junior en vyf senior Affie-spanne het na die volgende rondte deurgedring wat einde Mei by Helpmekaar plaasvind.
- Die Photographic Society of South Africa het in Februarie 'n uitstalling in die Potgietersaal gehou van die werk van die beste fotograwe in die land. Affie-fotograaf Marnu van Zyl (graad 12) was bevoorreg om ook van sý werk hier te kon ten toon stel.

## Antwoorde vir blokkiesraaisel

Dwars
1. Afskeidsgroet - Totsiens
2. Medisinale plant - Boegoe
3. Wandelstok - Kierie
4. Afrikaans-eremonument - Taalmonument
5. Groot granietberg (waar nr. 4 voorkom) - Paarlberg

Af
6. Volksliedjie - Sarie Marais
7. Oudste sendingstasie - Genadendal
8. Afrikaanse Skrifvertaling - Bybelvertaling
9. 100 jaar-viering - Eeufees
10. Insek - Gogga


# WATTER FOTO GAAN DIÉ KEER WEN?

Christiaan Brits


Die Affie-fotograwe kompeteer weer – hierdie keer vir die beste foto van 'n somersport-soort. Die *Stroom-op*-lesers kan óók 'n 1920-geskenk-bewys ter waarde van R100 wen deur die wenner reg te voorspel. Klik op die QR-kode om deel te neem.











# KOOR BEGIN 2025 OP 'N HOË NOOT

Alexander Coetzer Kristensen

Die 87 lede van die Affie-koor het op 1 Februarie na die Achterberg-kampterrein in Krugersdorp vertrek vir hulle jaarlikse oefenkamp. Die seuns en personeel het dadelik weggespring met die inoefen van hul splinternuwe repertorium en het tydens die kamp ongeveer vier weke se normale oefentyd ingekry!

Dit was vanjaar die tiende keer dat die Rooidasse hul koorkamp by Achterberg hou en hierdie besonderse geleentheid is op 'n gepaste wyse met sang en dans deur Achterberg-kampterrein se flinke personeel gevier.

Die koor het Sondagoggend, soos altyd, met 'n gepaste opening en hulle 'meditasie'-sessie (foto onder) tussen die berge begin en dit is die middag met jolige boeresport opgevolg om die litte net so los en soepel soos die stemme te kry.

Die koor het ook Maandagoggend hulle jaarlikse kampkonsert, wat uit drie koorstukke bestaan, vir al die personeel van die kampterrein gehou en het daarna die busrit terug skool toe aangepak.

Die seuns en koorpersoneel sien met groot verwagting uit na 'n uiters bedrywige en opwindende koorjaar, en die koorkamp was beslis 'n uitstekende wegspringplek.



# ... en die orkeste ook reeds vroeg aan die oefen

Alexander Coetzer Kristensen


Die lede van sowel die Stryk- as Konsertorkeste het op 18 Februarie vir hul jaarlikse oefenkamp na Leribisi Lodge vertrek. Die orkeslede het hope opwindende en indrukwekkende stukke ontvang, waaraan hulle op die kamp reeds tot perfeksie begin oefen het. Al was die manne se monde dikwels droog geblaas en die arms moeg gestryk, was daar gelukkig ook tyd vir lekker eet en ontspanning op die kamp.



Dr. Jannie le Roux (begeleier en onderwyser) maak seker dat Luan Claassen, Janrich de Necker en Emile Storm die regte note op hul tubas speel.

# Geesvang in die reën!

Zachary Boonzaaier





'n Sopnat Stef Pretorius en Andru van Zyl

Op 2 Maart is sowat vyftig Affie-matrieks Loftus Versfeld toe om voor die wedstryd tussen die Stormers en die Blou Bulle gees te vang – deel van 'n spesiale bemarkingsinisiatief.

Die weer het egter nie heeltemal saamgespeel nie. Onophoudelike reën het die hoofman laat besluit om die verrigtinge kort en kragtig te hou. Die manne van Affies het hulle egter nie deur wind en weer laat afskrik nie en het in die volgende halfuur in die reën gestaan en met volle oorgawe gesing.

Adriaan Nel

# NAT-AGTER-DIE-ORE PENKOPPIES VIND HUL VOETE


Aankoms by die kamp

Reeds in die eerste week van die nuwe skooljaar het die matriek-Affieraad, die graad 8-personeel en die nuwe Affies in die pad geval na die Zwartkloof-kampterrein.

Die doel met die kamp was om mekaar beter te leer ken en om veral ook meer oor Affies te leer.


Foto: Alru Burger

Meester Lamond Baaitjies help een van die graad aggies om sy das te knoop.

Die klomp nuwelinge het weggespring met atletiek-uitdunne, waarna hulle aan spanbou-aktiwiteite kon deelneem. Daar is natuurlik ook jaarliks 'n hindernisbaan waar die seuns mekaar regtig moet help en ondersteun om te sorg dat almal die resies voltooi.

Tydens die laaste aand het die graad agts hulle nuwe eensgesindheid gewys deur "Power", "The Affie-boys are Happy" en die skoollied uit volle bors saam met hul meesters te sing.

Maandagoggend vroeg het die groep net voor sonsopkoms na 'n asemrowende uitkykpunt gestap, waar hoofman Andru van Zyl die kamp op die gepaste wyse afgesluit het met 'n spesiale boodskap oor Affies se leuse en die bekende Bybelvers, "Laat daar lig wees".

Na afloop van die kamp en die standerd sesse se uitgebreide inskakelingsprogram, slaag al die nuwelinge uiteindelik die Affie-toets en verdien elkeen sy plek in die AHS-span.

Hulle is op 27 Januarie amptelik as Affies "ingehuldig" en verdien nou die voorreg om hul skoolklere en die Affie-pet elke dag met groot trots te dra.

Stef Pretorius

# DIE MEESTERS KRY PUNTE!


*Stroom-op* wou by die graad 8's weet wie onderskeidelik die strengste en die vriendelikste meester van 2025 is. 'n Volle 253 van hulle het aan die meningspeiling deelgeneem. Hieronder is die resultaat van die "ondersoek", sowel as kommentaar wat die jong manne oor hul meesters gelewer het.

**VERTEL ONS WATTER EIENSKAP JY IN JOU MEESTER WAARDEER, OF WAARVAN JY NIE HOU NIE:**

- Ek waardeer dit dat my meester vriendelik en plat op die aarde is. Hy verstaan as die verkeer erg is en ek nie sy tas dadelik kan kom haal nie, maar ek hou nie daarvan dat my meester se tas twee ton weeg nie!
- My meester verkies dat ek eerder 'n juffrou se tas dra as om sy tas te dra.
- Dit was baie spesiaal vir my dat my meester na my rugbyproewe kon gaan kyk het.

**'N PAAR GRAAD 8'S SE GUNSTELINGHERINNERINGE**


- By die kamp het meester Du Toit 'n plastiekbottel gevat en gemaak asof die bottel 'n hond was. Die hond se naam was "Buksie".
- Toe ons op die kamp 'n shongololo op meester Esterhuizen gegooi het.
- Ek het nogal baie daarvan gehou om die muur te stoot, want nou weet ek ek's 'n ware Affie.
- Toe ek meester Du Toit se skoolsak moes dra met sy belt as 'n "strap" daaraan vasgemaak. Die swaar sak het heeltyd op en af gebons op my skouer.
- Meester Potgieter wat heeltyd vir Badprop geroep het op die kamp.
- Die ongelooflike gees en kameraderie.






**DIE STRENGSTE MEESTER**

1. Lamond Baaitjies (73 stemme)
2. Luan Potgieter (72 stemme)
3. Luan Fivaz (34 stemme)
4. Adriaan Nel (21 stemme)
5. Werner Gouws (12 stemme)






**DIE VRIENDELIKSTE MEESTER**

1. Zachary Boonzaaier (80 stemme)
2. Andru van Zyl (18 stemme)
3. Christiaan de Wet (15 stemme)
4. Zirk Meyer (14 stemme)
5. SE du Toit (13 stemme)

George Henderson

# Dag van liefde by AHMP gevier

14 Februarie 2025 … Met "liefde in die lug" en romanse wat miskien net wag, het die manne vanjaar die geleentheid gekry om Valentynsdag saam met die Meisieskool te vier.

Die A-minere is ouder-gewoonte vroegoggend na AHMP om die meisies (en onderwysers) se knieë met 'n liefdesliedjie lam te maak.

Die speelgoedkarretjie met die Affie-vlag wat die seuns in register-periode as geskenk gekry het, was natuurlik ook 'n treffer – al het die onderwysers gedurende die res van die dag in klastyd nie noodwendig saamgestem nie!

In pouse was die vrolike ballonne, sjokolade en blomme genoeg motivering vir elke seun om sy Juliet oorkant die pad te gaan vind. Blomme, kaartjies en skelm kyke is tussen seuns meisies uitgedeel en daar is heerlik saamgelag en gekuier – nóg 'n suksesvolle Valentynsdag vir dié twee spesiale skole.




Foto: Marnu van Zyl

Terwyl hierdie groepie matrieks heerlik op die gras voor die hoofgebou kuier, moes die graad agt-manne op die foto links bo dringend besluit aan wie die mooi bos sonneblomme oorhandig moet word.

Stef Pretorius

# *Valentynsbal* voldoen aan al die verwagtinge



Die jaarlikse Valentynsbal, wat op 15 Februarie plaasgevind het, het vanjaar só na aan ValentynsDAG geval dat die feestelike gees sommer maklik oorgedra kon word.

Met 'n dreigende donderbui was daar aanvanklik kommer dat daar meer as net liefde in die lug sou wees, maar uiteindelik het ligte reën net laat genoeg uitgesak om die aand soos iets uit 'n rolprent te laat voel.

Ten spyte van 'n kaartjieprysverhoging van R20, was daar weer vanjaar geen tekort aan belangstelling nie. Om dit vir die juniors in die skool in perspektief te plaas: Dié geleentheid is so gewild dat enige ou vir hom 'n metgesel kan kry deur net bloot die Affie-valentynsbal te noém!

Met DJ (mnr. Kevin Jansen van Rensburg) "Rafiki" agter die draaitafels, was die musiek aan die gang en die energievlakke hoog. Indien daar 'n leerder is wat nie die musiek geniet het nie, moet hy dit dalk met sy eie vriende (wie se musiekaanbeveling nie op standaard was nie) opneem, want mnr. Jansen van Rensburg het beslis nie sélf *California "Gurls"* gekies nie!

'n Noemenswaardige verandering vanjaar was die spyskaart: Gaste is nie met net 'n vingerete bederf nie – hulle kon smul aan 'n verskeidenheid vleis- en kaashappies in bakkies.

Die graad 8- en 9-koorlede het weer as kelners opgetree, aangesien die bal as die primêre fondsinsamelingsgeleentheid vir die Rooidasse dien. Een kelner kon agterna selfs spog met 'n R250-fooitjie – moontlik die poging van 'n romantiese siel om sy metgesel te beïndruk. (Om die meisie te probeer beïndruk met jou finansies is 'n duur spel, ou maat!)

Alles in ag genome, was die Valentynsbal van 2025 'n groot sukses en 'n aand wat herinneringe geskep het vir almal wat dit kon bywoon (en natuurlik ook vir die hul ouers en hulle beursies).

# DIE AFFIE-FAMILIE

Andru van Zyl



AHS-oudleerlinge het 'n diep verbintenis met hul alma mater. Jaarliks keer sowat tien jaargroepe vir reünies terug, en hulle kry kans om die saalbyeenkoms saam met die huidige Affies by te woon.

Dié geleentheid is egter nie net vir die ouer manne spesiaal nie. As die oud-Affies reünie hou, weet elke Affie dat die saalopening op daardie Vrydag tien keer meer interessant word, of dit nou jong manne is wat net 10 jaar uit die skool is, of ooms wat al baie moeilik beweeg, maar steeds nie die geleentheid laat verbygaan om by Affies te kom kuier nie. Die ouens verkyk hulle ook aan oud-Affies wat met hul ou pette, skoolbaadjies en dasse op die terrein rondstap.

Elke groep bring iets uniek. Die "ouer" groepe skree om een of ander rede met groot vreugde vir Haile Selassie, die voormalige keiser van Ethiopië, terwyl groepe met jonger ouens weer vreugde kry uit al die dinge wat nog dieselfde is as in hulle tyd.

Die Affie-manne geniet dit veral as die oud-Affies praat oor kattekwaad en poetse wat gebak is, wat net weer wys waarom jou jare op skool werklik vuurmaakhout vir die oudag is.

Tydens een van die saalopeninge in die eerste kwartaal was daar 'n oudleerling wat relatief lank terug gematrikuleer het en hy was so in sy noppies met die skool, die saal en die liedjie of twee wat gesing is dat hy dit nie kon help om rond te hardloop met sy kamera nie. Dit is oomblikke soos hierdie en die sigbare heimwee in die ouer oud-Affies se oë wat reünies werklik spesiaal maak, nie net vir die oud-Affies nie, maar ook vir elke huidige Affie.

# Witkolwe laat oud-Affies behóórlik les opsê



Oud-Affie Jacques Rudolph tydens hul wedstryd teen die Witkolwe. Agter hom is paaltjiewagter Daniel Murray

Die Witkolwe en die Oud-Affie XI het mekaar op 26 Januarie op die A-veld die stryd aangesê.

Die munt het in die guns van die oud-Affies geval en hulle het gekies om eerste te kolf. Dit het aanvanklik na 'n slim besluit gelyk, aangesien die ouer manne 'n stewige totaal van 188 vir 5 in hul 25 beurte aangeteken het. Die voormalige Proteakolwer, Jacques Rudolph, was die anker van die kolfbeurt en het 'n skouspelagtige 122 lopies van slegs 81 balle gemoker, met 4 viere en 10 reusesesse wat die toeskouers in verwondering gelaat het. Zian Labuschagne het in sy ses beurte 2 paaltjies vir 44 lopies geneem.

Die Witkolwe het nie op hulle laat wag nie en het van bal een af druk op die oud-Affies geplaas. Christian Linde was die ruggraat van die Witkolwe se kolfaanslag en het 63 lopies van 46 balle, nie uit nie, aangeteken. Sy kolfwerk het 6 viere en 1 ses ingesluit. Met slegs twee paaltjies plat, het die Witkolwe die oud-Affies se telling met gemak in slegs 21.5 beurte kafgedraf.

Die Witkolwe wen uiteindelik die wedstryd met 8 paaltjies. Jacques Rudolph is as die speler van die wedstryd aangewys.

# OUD-AFFIES IN NASIONALE KRIEKETSPANNE



Foto: Verskaf

Jorich van Schalkwyk



Foto: Verskaf

Divan de Villiers

Divan de Villiers en Jorich van Schalkwyk (albei matriek 2024) was deel van die SA O.19-toetsspan wat in Januarie vir twee toetse teen Engeland gespeel het. Divan is op sy beurt gekies vir die eendagspan wat in toetse teen Engeland te staan gekom het. Jorich is as die beste veelsydige speler van die Krieket Suid-Afrika Cubsweek aangewys.

# SWEMINTERHUIS!

Reuben Dreyer



Die swemseisoen het afgeskop met die jaarlikse interhuis, wat vanjaar by AHMP gehou is. Soos altyd het die swemmers sowel as die "pawiljoenatlete" kragte gemeet en tussen die Koshuis, Elande, Hartbeeste en Koedoes was die kompetisie straf. Die Koedoes was uiteindelik bobaas in die swembad, terwyl die manne wat hulleself "die hart van die skool" noem, as wenners van die geesbeker uit die stryd getree het.



Op julle merke…

Foto: Damian Swart



Koedoes

Foto: Damian Swart



Hartbeeste

Foto: Damian Swart



Foto: Damian Swart

Koshuisdirigente met hulle trofee

# Tennisspelers maak 'n Kaapse draai



Die eerste tennisspan het in Februarie aan die Gerrie Berner Tennistoernooi by Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch deelgeneem. Die span vaar aansienlik beter as verlede jaar en wen 5 wedstryde en verloor slegs 2. Dit is duidelik dat ons junior spelers wat 'n jaar of twee gelede in die diepkant ingegooi is, besig is om hul voete te vind. Van links op die foto is Natanael Tollig, JP Snyman, Lourens Swanepoel, Wihan Snyders, Matthew Nel, CF Mc Crate en Emile Labuschagne.

# KORTLIKS

- **Chrisjan Maas** (matriek 2021) het op 2 Maart in 'n gedeelde vierde plek by die SA Ope met 'n telling van 12 onder baansyfer geëindig. Hierdie telling het hom as die beste amateurgholfspeler by die kompetisie laat uitstyg en hy wen die Freddie Tait-beker vir 'n tweede keer. Hierdie toekenning word aan die einde van die SA Ope aan die voorste amateurgholfspeler toegeken.
- Krieketspeler **Dewald Brevis** (matriek 2021) het einde verlede jaar 'n draai by Affies gemaak. Hier is hy by twee van sy onderwysers, mee. Hybré Schoeman en Andriëtte Jacobs.





# AHS TWEEDE VAN BO OP SA-SKOLEKRIEKET-RANGLYS

Andru Van Zyl

Foto: Luhan de Jager

Na afloop van 'n besige kwartaal waar Affie-krieketspelers deelgeneem het aan die Johannesburg-liga, SA Skole T20 en hulle ook twee toere na Kaapstad onderneem het, eindig AHS se eerste span in 'n uitstekende tweede plek op die SA skolekrieketranglys.

Affies se eerste en o.15A-span het die seisoen begin met deelname aan die Peninsula Krieketweek, wat in Januarie deur Wynberg Boys High aangebied is. Dié twee spanne speel teen Wynberg Boys High, Potchefstroom Gimnasium, Bishops en Paul Roos Gimnasium.

In die eerste week nadat die skool in 2025 begin het, het alle aandag na die o.14-krieketproewe verskuif. 'n Volle 140 seuns neem deel aan dié proewe en daar word uiteindelik nege spanne gekies.

In Februarie toer die o.14A-, o.15A- en die eerste span na Kaapstad vir die jaarlikse kragmetings teen Paul Roos Gimnasium, Wynberg Boys High en Rondebosch Boys High en staan hul man teen dié bekende krieketskole.

'n Totaal van 26 Affie-krieketspanne het die skool tydens die eerste kwartaal in wedstryde verteenwoordig.



Ruben van Geer

## PROVINSIALE KRIEKETSPELERS

Dertien Affies is aan die einde van 2024 vir die onderskeie Titans spanne gekies wat aan provinsiale toernooie deelgeneem het.

Vier van hierdie manne is na afloop van die Khaya Majola Krieketweek vir die Northern Champions Cubs-span gekies. Hulle is Ruben Groenewald (graad 12), Jorich van Staden (matriek 2024), Vihan Pretorius (graad 11) en Divan de Villiers (matriek 2024). Divan is ook vir die SA Skolespan gekies nadat hy as die beste veelsydige speler by die toernooi aangewys is.



**FIRST XI CRICKET RANKINGS 10 MARCH, 2025**

| RANK | TEAM | PLAYED | AVG BONUS POINTS |
|---|---|---|---|
| 1 | RONDEBOSCH | 16 | 27.76 |
| 2 | AFFIES | 17 | 25.40 |
| 3 | BISHOPS | 25 | 25.24 |
| 4 | GARSFONTEIN | 20 | 25.22 |
| 5 | KES | 11 | 24.22 |
| 6 | DHS | 14 | 24.01 |
| 7 | WESTVILLE | 17 | 23.66 |
| 8 | NORTHWOOD | 15 | 23.47 |
| 9 | WYNBERG | 18 | 21.87 |
| 10 | WATERKLOOF | 20 | 21.46 |

SA School Sports se amptelike krieketranglys vir die eerste helfte van 2025



# Haaie, Babers én juniors soos visse in die water

Callie Visagie

Foto: Heidi Robberts

Affie-waterpolo het 'n opwindende seisoen gehad met spanne wat regoor die land goed presteer het.

Die Wit Haaie het vanjaar geskiedenis gemaak deur as wenners van die Grey Kollege Toernooi uit die stryd te tree. Hulle was ook naaswenners by die Reef Cup Toernooi, waar St. David's koning gekraai het.

Die tweede span, oftewel die Babers, het óók die Affievlag hoog laat wapper en het 'n tweede plek by die Northwood Toernooi behaal.

Wat die juniors betref, het die o.14-span aan die Jeppe Feestoernooi deelgeneem, waar daar nie 'n wenner aangewys is nie. Die o.15A-span het op hulle beurt by die Northwood Toernooi teen waterpoloskole in KZN deelgeneem en tree as naaswenners uit die stryd. Op die foto bo is Adriaan van Niekerk in aksie.

## Wintersportsoorte trek weg met 'n vaart



Witbulle teen Helpmekaar Kollege

Rugby- en hokkieproewe het reeds einde Februarie plaasgevind en die rugbymanne het reeds op 8 Maart hul opwagting in Kimberley gemaak vir die Diamantveld-sportdag, waar hulle teen verskeie skole kragte gemeet het. Kort hierna het die hokkie- en rugbyspelers hul eerste tuiswedstryde teen Helpmekaar Kollege gespeel en het feitlik al hulle wedstryde gewen.



Fotograaf: Tiaan Lemmens

Samuel Wessels

# GRYSSTOF INGESPAN OP GREY!

Zachary Boonzaaier



Altus van der Merwe, Tiaan Vermeulen, Zadrian Owen, Willem du Plessis by die Grey Kollege Uitnodigingstoernooi



Wessels Grobler dink hard tydens die AHS Ope.

Om deel te neem is goed, om dit te geniet selfs beter, maar om te wen is liplek-lekker. Sestien Affies het die skool in Bloemfontein op die skaakborde gaan verteenwoordig by die Grey Kollege Uitnodigingstoernooi en terselfdertyd 'n ogie gehou op die A-Bond Interhoër wat op dieselfde dag plaasgevind het. Die Affie-manne het die skool se naam hoog gehou en uitstekend presteer.

Die Wit Vingers, wat uit Hechter Ferreira, Ryan McPhail, Wessels Grobler en Zak Burger bestaan, het vir niemand teruggestaan nie en het 'n merkwaardige derde plek in die Prestige-afdeling van die toernooi behaal. Die hoogtepunt van die toernooi was egter die eerste span se 4-0 oorwinning oor Grey Kollege. Alhoewel elke wenlopie gevier moet word, is daar geen oorwinning wat 'n Affie-man se hart vinniger laat klop as een oor Grey Kollege nie. Elke Affie kan daarvan getuig.

Die AHS Ope is ook onlangs in die Potgietersaal aangebied. Daar was beslis nie 'n tekort aan kompetisie nie, aangesien die deelnemers gewissel het van graad R- tot senior spelers. Die negentien Affies wat deelgeneem het, het ten spyte van die storm buite, kopgehou en kwaliteitskaak gespeel. Ryan McPhail en Wessels Grobler (die huidige Affie-kampioen) het onderskeidelik 'n vierde en sesde plek in afdeling B behaal. Alexander Feuth behaal 'n agtste plek in afdeling C en Reuben Hamman 'n tweede plek in afdeling D.



Roal Jansen van Vuuren en Emil Els (voor) gee hul opponente 'n middelafstand-meesterklas.
Foto: Verskaf

# ATLETE BULT SPIERE
## 15 Affies by SA's

Andru van Zyl

Atletiek stel dikwels die sportstandaard vir die komende jaar en as 'n mens na vanjaar se atletiekprestasies kyk, gaan 2025 beslis een wees om te onthou. Nie minder nie as vyftien van Affies se atlete is gekies om die provinsie by die Suid-Afrikaanse Kampioenskap in Kaapstad te verteenwoordig.

Die atletiekseisoen (na interhuis) is egter soos altyd ingelui met die jaarlikse massabyeenkoms by Nelspruit en 135 atlete het die geleentheid gehad om 'n bietjie kompetisiefiks te raak. Daarna kon die Affie Uitnodigingsbyeenkoms uiteindelik in sy geheel plaasvind, nadat dit die afgelope jare telkemale uitgereën het. Die Wildeklawer Uitnodigingsbyeenkoms en die finaal van die Curro Podium, waar die atletiekspan derde in die seunsafdeling gekom het, het die tafel verder gedek vir die atlete om die seunsafdelings van sowel die Pretoria A- en B-bond Interhoër in te palm.

Die skool was op interhoër-Vrydag oudergewoonte weer op die graswalle. 'n Effens kleiner getal seuns as gewoonlik moes die besonderse warm dag trotseer en help om ons atlete oor die wenstreep te dra. Wat vanjaar veral ook besonders gemaak het, is die feit dat daar nie 'n liedjie oor die luidsprekers gespeel het toe die dirigente hulle opwagting maak nie – die skool het vir hulle "Power" gesing. Dit het die Pilditch-stadion stilgemaak, soos net die Affies kan. Uit respek het een van die Affie-diskusatlete geweier om te gooi terwyl die skool sing. Hy het egter direk ná die spesiale oomblik met die diskus laat waai en het in die proses sy persoonlike beste met 'n paar meter verbeter – 'n bewys van hoeveel die gees op die pawiljoen vir die atlete beteken. Die manne het toe uiteindelik die seunsafdeling met 1 406 punte gewen – 183 punte voor die seunspan van Menlopark, wat tweede gekom het.

Die atlete het die skoolseisoen op 'n hoë noot afgesluit deur ook 'n uitstekende vertoning by die NWU-Superinterhoër te lewer en die seunsafdeling te wen. Affie-atletiek het werklik in 2025 aan alle verwagtinge voldoen en hul plek as die konings van seunsatletiek in Pretoria verdien.


Foto: Marnu van Zyl


Foto: Alru Burger
Ware Affie-gees! Hardus Ferreira (graad 8) en sy vriende ondersteun by die Affie Uitnodigingsbyeenkoms



Foto: Verskaf

# BESIGE SEISOEN VIR SWEMMERS

Reuben Dreyer


Marius Werth en Jürgen Crevits ná die Midmarmyl

Die swemmers het die seisoen vroeg-vroeg begin met die Nestor Pierides Gala by Westville High in Durban. Ten spyte van harde reën kon die swemspan deurdruk en Affies eindig vyfde uit die twaalf skole.

Op pad terug het hulle aan die Midmarmyl deelgeneem. Ethan Maartens (graad 10) was die Affie wat eerste uit die water was met Justin Jooste (graad 10) en Bernard van Heerden (graad 11) kort agter hom.

Die Pretoria A-interhoër het vanjaar op 11 Februarie in Pretoria Boys High se swembad plaasgevind, aangesien die Hillcrest-swembad nie gebruik kon word nie. Daar was dus vanjaar ook nie ondersteuners nie. AHS eindig in die vierde plek na Midstream, Menlopark en Boys High.

Die B-span het ook nie op hulle laat wag nie en het die water by Woodhill College laat spat. Hulle tree as wenners uit die stryd, met Curro tweede en Boys High in die derde plek.

Die A-span het aan die einde van Februarie ook aan die Johannesburg-interhoër by St. Benedict's deelgeneem en het na die tuisskool tweede op die podium geëindig.

# Fietsryers laat wiel!

Die Affie-fietsrymanne se seisoen het begin met die Trailseeker-wedren wat by Cradle Moon naby Muldersdrift plaasgevind het.

Wieko Strydom in graad agt eindig eerste in die subjunior-kategorie se 20 km-wedren en Dylan Kohlmeyer (graad 9) behaal 'n derde plek in die 40 km Jeug 15-afdeling. Noah Odendaal eindig in die 70km-wedren algeheel in die 24e plek.

Drie en veertig Affies het ook van 7 tot 9 Maart hul jaarlikse kamp by Skoolplaas bygewoon. Die graad 8's het 'n 27 km-roete gery en die seniors het op hulle beurt 39 km afgelê. Afgesien van al die goeie oefening, het die kamp ook aan almal die geleentheid gegee om saam te kuier en mekaar beter te leer ken.


Een van die graad 8-fietsryers tydens die aflosuitdaging op Skoolplaas
Foto: Verskaf